# HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463


27 Julie 2026

**OB: 24 / 2026**

**Geagte ouers**

## 1. Lief en Leed

Baie welkom aan die volgende studente van AAROS wat by ons aangesluit het vir waarneming 27 Julie tot 17 Augustus 2026. Mej. J Schutte (Natuurwetenskap), Mej. A Paulsen (Engels), Mej. K Pretorius (Besigheidstudies & Rek), Mej. C Dugand (Afrikaans), Mej. Z Joubert (Wisk & Lewenswetenskap) en Mej. A Mcintyre (Eng).

## 2. Rugby: Blou Bulle Finaal, 25 Julie 2026, PNHS

| | **PN** | | **PN** | Wilg | **PN** | Won | **PN** | | **PN** | JV |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Rugby** | **0/14A** | 0/14A | **0/15A** | 0/15A | **0/16A** | 0/16A | **2de** | 2de | **1ste** | 1ste |
| | | | **28** | 26 | **17** | 19 | | | **20** | 21 |
| **Uitslae tot dusver** | | | | | | | | | | |
| **Gewen** | **3** | | **8** | | **7** | | **5** | | **8** | |
| **Verloor** | **3** | | **1** | | **2** | | **2** | | **1** | |
| **Gelyk** | **1** | | **0** | | **0** | | **0** | | **0** | |
| **Posisie Liga** | **Liga 5de** | | **Blou Bulle 1** | | **Blou Bulle 2** | | **Liga 1ste** | | **Blou Bulle 2** | |

Geluk aan PNHS met die aanbieding van 'n uitstekende Blou Bulle Finaal, wat bygewoon is deur om en by 3500 toeskouers. Geluk aan al ons spanne en hul afrigters met uitstekende, naelbuit rugby. Dankie aan al ons leerders, oud leerders en ouers wat kom ondersteun het. Spesiale gelukwensing aan ons 0/15 span wat gekroon is as Blou Bulle Kampioen vir 2026.

Hierdie naweek sal ons spanne onderskeidelik as Blou Bulle 1 en 2 die ander provinsies aanvat weereens op PNHS se velde:

**08H00:** **PNHS 0/15 (Blou Bulle 1) v/s Nylstroom (Limpopo 2).**
**09H00:** **PNHS 0/16 (Blou Bulle 2) v/s HTS Witbank (Mapumalanga 2).**
**10H10:** **PNHS 1ste (Blou Bulle 2) v/s H/S Lydenburg (Mapumalanga 2)**

## 3. Sport Buite Skoolverband

- Baie geluk aan Zandile Thwala, Liz-Mari Erasmus en Anca Janse van Vuuren wat opgeneem is in die Gauteng-Noord Ringbal span wat vanaf 13 – 18 Julie aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deelgeneem het.

- Baie geluk aan Xanya van Dyk-Stroebel wat in die Gauteng-Noord ruitersport span opgeneem is. Sy het op 18 Julie, 2 tweede plekke en 1 vierde plek behaal op die Gauteng Kampioenskappe.

## 4. Kultuur: Kooroptrede, Magalies Berg Kinderkoor Winterkonsert, 24 Julie

Ons koor tree op by die Magaliesberg Kinderkoor se winterkonsert. Die verhoog word onder andere gedeel met die kore van Laerskool Voorpos, Laerskool Stephanus Roos en die Magaliesberg Kinderkoor. Ons koor is besig om vinnig baie te verbeter onder hul twee afrigters Mnr. D Venter en Me. F. Dorfling en is baie positief deur die gehoor ontvang. Die aand is soos oudergewoonte afgesluit met 'n massakoor van 6 kore begelei deur orrel, klavier en dwarsfluit, waarby selfs die gehoor ook betrek is.
Canta Libre het hul naam gestand gedoen en as ware ambasadeurs van ons skool opgetree.

## 5. Akademie: SAICE Brugboukompetisie, 25 Julie, PNHS

Daar is 19 spanne betrokke in hierdie provinsiale rondte onder andere H/S Zwartkop, H/S Centurion, H/S Tuine, Soshanguve Enginering School of Specialisation en Boys High.
Finale uitslag:

3de: Mountain Cambridge School se brug dra 18,68 kg.
2de: PNHS – Michael de Villiers, Jaden de Villiers en Marx du Plessis se brug dra 39,8 kg.
1ste: PNHS – Anina Smit, Nicole Guelpa en Allan Ribeiro se brug dra 43,89 kg.
Hulle wen ook die DOWEL prys vir die mees estetiese brug. Hulle kwalifiseer ook om in die nasionale rondte in Midrand deel te neem.

## 6. Leierskap

Baie geluk aan Ben Klopper wat aangewys is as die nuwe VLR-lid van graad 8D.

## 7. Akademie vir Leerder Prestasie

Die volgende boodskap van ons voorsitter van die Akademie vir Leerder Prestasie:

- Die doel van die Akademie vir Leerderprestasie is om:
  - Saam te gesels en idees uit te ruil met die oogpunt om PNHS se akademie tot hoër hoogtes te neem.
  - Na almal se idees te luister omdat ons by mekaar kan leer wat werk en wat nie.
  - As ouers die onderwysers by te staan om 'n positiewe leer kultuur by leerders aan te moedig.
- Die Akademie is nie net vir presterende leerders nie, maar vir almal. Alle ouers en leerders is dus welkom om die vergadering elke kwartaal by te woon en by die WhatsApp groep aan te sluit. Die QR kode:.




Join my WhatsApp group. https://chat.whatsapp.com/C9j7ye95Gvy24MkavPS37t

## 8. Inskrywings Graad 8 vir 2027

Neem asseblief kennis dat die Gauteng Departement van Onderwys aangekondig het dat die aanlyn aansoek proses vanaf **Woensdag, 5 Augustus 2026 tot Vrydag, 4 September 2026** sal wees. Daar sal slegs 1 fase wees.
Sedert 2017 word slegs aanlynaansoeke aanvaar. U kan vanaf **Woensdag, 5 Augustus 2026 om 08:00** aansoek doen by www.gdeadmissions.gov.za en u sal 'n waglys- / verwysingsnommer ontvang, bewaar dit asseblief. Om u aansoek te verifieer het u 7 dae, nádat aanlyn aansoek gedoen is, om die volgende dokumentasie by die skool in te dien, of u kan dit tydens die aanlyn aansoek elektronies aanheg:

- GESERTIFISEERDE geboortesertifikaat van leerder
- GESERTIFISEERDE bewys van u fisiese woonadres:
  Huiseienaars – Munisipale rekening van nie ouer as 3 maande nie in die naam van die ouer met die volle residensiële adres.
  Huurders – moet al die volgende dokumente nie ouer as 3 maande nie voorlê:
  1. Munisipale rekening in die naam van die verhuurder met die volle resedensiële adres.
  2. Huurkontrak (kan ouer as 3 maande wees) geteken deur huurder en verhuurder met die volle residensiële adres. (Belangrik die huur periode op die huurkontrak moet nog steeds geldig wees op die datum wanneer u aanlyn aansoek doen)
  3. 'n Kwitansie vir betaling van huurgeld metvole residensiële adres.
  4. Staat van enige rekening in die naam van die aansoeker met die volle residensiële adres op.
- GESERTIFISEERDE laerskoolrapport (nuutste) van u kind
- GESERTIFISEERDE afskrifte van ouers/voogde se ID-dokumente

Neem asseblief kennis dat die volgende voorkeur orde gebruik word deur die Departement van Onderwys vir plasing:
1ste voorkeur: Skool is binne die voedingsarea vanaf fisiese woonadres (naaste na verste)
2de voorkeur: Broer of suster tans in H/S Pretoria-Noord
3de voorkeur: Skool is binne die voedingsarea vanaf ouer se werksadres
4de voorkeur: Skool is binne 'n radius van 30km vanaf die fisiese woonadres
5de voorkeur: Skool is buite 'n radius van 30km vanaf die fisiese woonadres
Ons administratiewe dames is elke dag tydens skoolure 07H00 – 14H00 beskikbaar om u behulpsaam te wees. Om werkende ouers te akkommodeer sal ons administratiewe dames ook **Woensdag, 5 Augustus 2026 en Donderdag, 6 Augustus 2026 tot 19:00 by die skool se ontvangs wees** om enige navrae te hanteer. Enige navrae kan ook gerig word by 012 546 6950 of by pahoof@pnhs.co.za.

Baie sterkte met die inskrywingsproses.

## 9. Program vir die week

Maandag, 27 Julie:
* **Graad 8 – 12, dag 5.**
* **Leef vir Christus week.**
* **Omgee week.**
* **PN Raad-verkiesing: Nominasies**.
* **PNHS Geheel Skool Evaluering 07H00 – 15H00.**
* Detensie, 14H15 – 16H15.
* Graad 12 Addissionele Akademiese uur, 14H15 – 15H15, sleutel 1.
* Gholf: PNHS 3 v/s Montana, 14H30, Akasia gholfklub.
* Toneel: ATKV, UNISA kleinteater.
* Netbal Akademievergadering, 17H30, K22.

Dinsdag, 28 Julie:

* **Graad 8 – 12, dag 5.**
* **Leef vir Christus week.**
* **Omgee week.**
* **PN Raad-verkiesing: Nominasies**.
* **PNHS Geheel Skool Evaluering 07H00 – 15H00.**
* Graad 12 Addissionele Akademiese uur, 14H15 – 15H15, sleutel 2.
* Redenaars: Kansvatter Kompetisie Semi-Finales, videos sluit.
* Revue: Gradering, staatsteater.
* Tennis: Dogters 0/15 A v/s Montana, 14H30, tuis.
  Dogters 0/15 B v/s Girls High, 14H30, tuis.
* Restaurant Akademievergadering, 18H00, K66.
* Jukskei: Ouerinligtingsaand, 18H00, personeelkamer.

Woensdag: 29 Julie:

* **Graad 8 – 12, dag 6.**
* **Leef vir Christus week.**
* **Omgee week.**
* **PN Raad-verkiesing: Nominasies sluit 14H00**.
* **PNHS Geheel Skool Evaluering 07H00 – 15H00.**
* Graad 12 Addissionele Akademiese uur, 14H15 – 15H15, sleutel 3
* Seuns Sagtebal: PNHS v/s Hartebeespoort, weg. **Vertrek om 14H00.**
* Landloop: Liga 2, 14H30, Lavender Kontrei Mark.
* Beheerliggaamvergadering, 17H30, restaurant.

Donderdag, 30 Julie:

* **Graad 8 – 12, dag 2.**
* **Leef vir Christus week.**
* **Omgee week.**
* **PNHS Geheel Skool Evaluering 07H00 – 15H00.**
* **Rapporte uit na ouers.**
* **Noord-Vaal Hokkie: PNHS 0/16A v/s Hoërskool Driehoek, 07H30, Springs. Vertrek om 05H00.**
* **Noord-Vaal Hokkie: PNHS 0/16A v/s Hoërskool Randburg, 15H00, Springs.**
* **Noord-Vaal Hokkie: PNHS 1ste v/s Hoërskool Louis Trichardt, 12H45, Oos Moot.**
* Graad 12 Addissionele Akademiese uur, 14H15 – 15H15, sleutel 4.
* Wiskunde Olimpiade Rondte 1, 14H15, K 4.
* Skaak Akademievergadering, 17H30, personeelkamer.

Vrydag, 31 Julie:

* **Graad 8 – 12, dag 3.**
* **Leef vir Christus week.**
* **Omgee week.**
* **PNHS Geheel Skool Evaluering 07H00 – 15H00.**
* **Noord-Vaal Hokkie: PNHS 0/16A v/s Curro Nelspruit, 14H00, Springs.**
* **Noord-Vaal Hokkie: PNHS 1ste v/s Curro Hazeldean, 08H30, Oos Moot.**
* ATKV Toneel, UNISA Kleinteater.
* PNNK Talentaand Oudisies, 14H30 – 18H00, saal.

* Seuns Sagtebal: PNHS v/s Atteridgeville, 14H30, tuis.
* Tennis: Seuns 1ste span v/s Centurion, 14H30, tuis.
* Seuns 2de span v/s Garsfontein, 14H30, tuis.

Saterdag, 1 Augustus:

* Dogters Sagtebal Liga1: “PNHS v/s Homespun, 08H00, weg.
* Rugby: Noord-Vaalbeker 08HOO, Tuis.
* Jukskei: Driespel, 08H00, Gauteng-Noord Jukskeibane.
* ATKV Toneel, Semi-Finales, UNISA Kleinteater.
* Radikale Redenaars, streekfinaal, L/S Concordia.
* Krieket: PNHS 1 v/s Wonderboom, 09H00, tuis.
* Noord-Vaal Hokkie:PNHS 0/16A v/s Wesfalia, 13H45. Vertrek om 10H30.
* Noord-Vaal Hokkie: PNHS 1 v/s Penderen College, Oos Moot.

Sondag, 2 Augustus:

* Noord-Vaal Hokkie, Semi-Finaal en Finales.

Maandag, 3 Augustus:

* **Graad 8 – 12, dag 5.**
* PN Raad-verkiesing: Vetovergadering.
* Detensie, 14H15 – 16H15.
* Redenaars: “Podium Pret” Rondte 2.
* ATKV Uitklopspel, H/S Centurion.
* Gholf: PNHS 1 v/s Brits, 14H30, weg.
  PNHS 2 v/s Brits, 14H30, weg.
* Gasvryheidstudies: Graad 12 Kelneropleiding, 14H15, restaurant.

Vriendelike Groete



CJC Driescher
Hoof

Laerskool Boerefort

# GHOLFDAG

**IN SAMEWERKING MET BESIGE BOERIES NPC**

## 2026

Kom ondersteun Laerskool Boerefort en geniet n heerlike dag op die gholfbaan

**DONDERDAG**

**8 Oktober 2026**

**Akasia Gholfbaan**

- 4 Bal( Karretjie ingesluit)- R4000
- Better ball Stableford
- Putjie borge - R2000
  - R6000 per putjie, Sluit 4 bal in



**NAVRAE/INSKRYWINGS**

- Jacques Mong - infobesigeboeries@gmail.com
- Christoff De Beer - sport@boerefort.co.za